MUNISIPALITEIT OVERSTRAND
(Gansbaai Administrasie)

M.K. 5/2013

GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS SAND DOWN ESTATE NR. 220, AFDELING BREDASDORP :
AANSOEK OM AFWYKING (SANDMYN)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die raad ‘n aansoek om afwyking ontvang het vanaf PlanActive Stads- en Streekbeplanners namens die eienaars van Gedeelte 3 van die Plaas Sand Down Estate Nr. 220, Afdeling Bredasdorp, LH en E Fourie ten einde ’n sandmyn vanaf die eiendom te mag bedryf. (Die doel van die aansoek is om die bestaande sandmyn te akkommodeer).

Die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Area Bestuurder, Munisipaliteit Overstrand (Gansbaai Administrasie), Hoofstraat, Gansbaai vanaf 07:45 – 13:00 en 13:45 – 16:30 (Maandag tot Vrydag), en enige navrae kan gerig word aan mnr. HZ Boshoff by Posbus 26, Gansbaai 7220, of by tel. nr. (028) 384-8300 of faks nr. (028) 384-8337. Epos: hboshoff@overstrand.gov.za

Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik en onderteken wees en by die kantoor van die Area Bestuurder, Gansbaai Administrasie ingedien word voor of op **Vrydag 19 April 2013** met vermelding van die beswaarmaker se eiendomsbeskrywing en kontakbesonderhede. Enige kommentaar/besware wat ná die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, sal nie in ag geneem word nie.

Voorts word hiermee ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie, die Stadsbeplanningsafdeling van die Munisipaliteit Overstrand (Gansbaai Administrasie) kan nader tydens bogenoemde kantoorure waar ’n amptenaar daardie persone sal help om hul kommentaar of besware op skrif te stel.

C Groenewald
Die Munisipale Bestuurder
p/a Posbus 26, Gansbaai, 7220

15 Maart 2013

OVERSTRAND MUNICIPALITY
(Gansbaai Administration)

M.N. 5/2013

PORTION 3 OF THE FARM SAND DOWN ESTATE NO. 220, BREDASDORP DIVISION : APPLICATION FOR DEPARTURE (SAND MINE)

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that the council has received an application for departure from PlanActive Town- and Regional Planners on behalf of the owners of Portion 3 of the Farm Sand Down Estate No. 220, Bredasdorp Division, LH and E Fourie in order to conduct a sand mine from the property. (The aim of the application is to accommodate the existing sand mine).

The application is open to inspection at the office of the Area Manager, Overstrand Municipality (Gansbaai Administration), Main Road, Gansbaai from 07:45 – 13:00 and 13:45 – 16:30 (Monday to Friday), and any enquiries may be directed to mr. HZ Boshoff at P.O. Box 26, Gansbaai 7220, or tel. no. (028) 384-8300 or fax no. (028) 384-8337. Email: hboshoff@overstrand.gov.za

Any objections, with full reasons therefore, should be lodged in writing, must be signed and handed in at the office of the Area Manager, Gansbaai Administration on or before **Friday 19 April 2013** quoting the objector's property description and contact details. Any comments received after the afore-mentioned closing date will be disregarded.

Notice is also given in terms of Section 21(4) of the Local Government Act: Municipal Systems, 2000 (Act 32 of 2000) that people who cannot write are welcome to approach the Town Planning section of the Overstrand Municipality (Gansbaai Administration) during the above-mentioned office hours where a member of staff will assist them in putting their comments or objections in writing.

C Groenewald
The Municipal Manager
c/o PO Box 26, Gansbaai, 7220

15 March 2013